



VEREENIGING GIMNASIUM

Die tuiste van Afrikaans in die Vaal

De Villierslaan, Vereeniging, 1939

Tel nr: (016) 421 3647 Faks: (016) 421 3648

E-pos: navrae@vgim.co.za www.vgim.co.za

18 Mei 2020

Geagte ouer

COVID-19: VEILIGHEIDSMATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN

Met die skool wat moontlik weer binnekort stelselmatig gaan heropen, is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare maatreëls in plek gestel word om te verseker dat ons gemeenskap en leerders veilig bly en ons die skooljaar sonder enige verdere onderbrekings kan voltooi.

1. Hoe ons elkeen kan help om die COVID-19-verspreiding effektief te bekamp:

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlakke gereeld skoon.
- Vermyn enige fisiese kontak met ander mense. Behou sosiale afstand van meer as 1.5m.
- Dra 'n masker. Personeel en leerders sal verplig word om spesifieke maskers te dra.

2. Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:

- Die skool sal gereeld die was van hande met water en seep, of 'n handontsmettingsmiddel afdwing.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Daar sal geen groot byeenkomste by die skool soos saalopeninge, sportbyeenkomste, ensovoorts wees nie.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkie) sal nie toegelaat word nie.
- Die skool sal gereeld ontsmet word, met klem op hoërisiko-oppervlakke soos traprelings, deurhandvatsels en badkamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram met spesifieke chemikalieë wees en spesifieke prosesse sal gevolg word.
- Die skool sal vir die onderskeie grade op verskillende tye begin en sluit.
- 'n Een meter afstand sal sover moontlik in klasse tussen leerders onderling sowel as personeel gehandhaaf word.
- Daar sal geen druk wees om 100%-teenwoordigheid te handhaaf nie. (Die skoolbeleid gaan aangepas word.)
- Leerders en personeel wat siek voel, MOET tuis bly. Hulle moet vir Covid-19 getoets word en ook die skool in kennis stel.
- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Personeel en leerders sal verplig word om spesifieke maskers te dra.
- Alle personeel en leerders se temperatuur sal soggens by die skoolhek gemonitor word en hulle sal 'n paar vrae moet beantwoord alvorens hulle die terrein mag betree.

- 'n Risiko analisering sal gedoen word, wat die risiko identifiseer en aanspreek.
- Die risiko analisering sal soos benodig van tyd tot tyd gewysig word.

3. Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:

- Leerders en personeel wat by die skool siek word of siek by die skool opdaag, sal onmiddellik huis toe gestuur word.
- Siek leerders of personeel sal apart van gesonde leerders en personeel gehou word totdat hulle kan vertrek. Die koshuis se siekeboeg sal as wagkamer dien.
- Onthou dat dit nie van skole verwag word om COVID-19-gevalle te identifiseer nie. Die meerderheid asemhalingsiektes is nie COVID-19 nie.

4. Daar moet oop en eerlike kommunikasie tussen die huis/gemeenskap en die skool wees:

- Siek personeel en leerders moet by die skool en die Departement van Gesondheid aangemeld word - dit is die wet. Mense wat siek word, se kontak met ander individue moet nagevolg kan word om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm is absoluut noodsaaklik.
- Dit is ouers en personeel se verantwoordelikheid om navrae so volledig moontlik te beantwoord.
- Enige nuwe inligting wat die skool ontvang, sal so spoedig moontlik aan ons gemeenskap gekommunikeer word.

5. Afstandsonderrig:

- Ouers en die gemeenskap word amptelik deur die Gauteng Departement van Onderwys gevra om die beskikbare platforms van die skool, asook ander hulpmiddels, te gebruik.
- Ouers moet alles doen om leerders te ondersteun en van hulp te wees waar daar 'n behoefte is.
- Alle huiswerk en klaswerk sal steeds op sosiale media (bv.whatsapp-groepe en facebook) beskikbaar wees en aanlynklasse sal voortgaan soos ons kan voorsien. Dit is nodig vir grade wat eers in fases terug skool toe kom en leerders wat moontlik siek is en by die huis moet bly.
- Die skool sal aanlynklasse monitor en terugvoering gee.

6. Gesondheids- en higiëniese opleiding:

- Spesifieke opleiding sal aan alle personeel, ouers en leerders oor die skool se higiëniese program gegee word.
- Ons personeel en jeugwerkers is beskikbaar vir emosionele ondersteuning ten op sigte van vrese, angs en onsekerhede.
- Daar sal spesifieke higiëniese opleiding vir die verskillende grade en geslagte wees.
- Personeel en werknemers van die skool sal opgelei word aangaande die COVID-19 virus.
- Die risiko analisering sal aan die personeel gekommunikeer word.

7. Kontrolelys vir die skool:

- 'n Skoonmaakprogram vir personeel en leerders.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoërisiko-oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, elektroniese apparatuur (sleutelborde in sentrums) en meubels (tafels en stoele in klaskamers).
- Medici sê goeie ventilasie in klaskamers is belangrik. Ten spyte van die koue winter sal ons sorg dat leerders nie koud kry en siek word nie, maar ons sal ook seker maak dat ons leerders deurentyd vars lug kry.
- Plakkate rakende COVID-19 en goeie higiëniese praktyke moet oral sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerk vir personeel en leerders wat siek is, moet geskep word. Ons verwys na emosionele sowel as akademiese ondersteuning.

8. Kontrolelys vir die skoolgemeenskap:

- Watter mense is hoë risiko? Dit word bepaal deur:
 - Waar jy werk.
 - Die hoeveelheid mense met wie jy in kontak kom.
 - Hoe gereeld jy reis.
 - Is daar mense by wie jy bly wat reeds positief getoets is.
- Wat is die simptome?
 - Verkoue- of griepsimptome, soos koors, loopneus en hoes. Braking en diarree is ook aangemeld.
 - Kriewelrigheid in die keel.
 - Droë keel.
 - Droë hoes.
 - Hoë temperatuur.
 - Kort van asem.
 - Verlies van reuk en smaak.

9. Skoolbywoning:

Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom. Ons het reeds baie akademiese tyd met die inperkingstydperk verloor. Leerders moet asseblief nie onnodig wegbly nie.

10. Kontrolelys vir leerders:

- Moenie probeer om probleme, vrese of siekte alleen te hanteer nie - vra vrae en meld dit aan. Vertel vir iemand as jy siek is. Moet dit nie 'n geheim hou nie, dit is nie 'n skande nie.
- Beskerm jousef en aanvaar verantwoordelikheid vir jou eie gesondheid.
- Stel 'n voorbeeld vir ander leerders en wees 'n leier.
- Daar mag geen stigmatisering van siek leerders plaasvind nie. Dit sal soos 'boelie' deur die skool hanteer word.
- Sosialisering op sosiale media moet nou inspirerend en bemoedigend wees.
- Dit sal ook een van die rolle van die ons skool se sosiale media-plaser en webmeester wees.
- Sekere grade gaan sekere dae van die week skool toe kom vir onderrig. Genoeg werk/huiswerk/opdragte sal gegee word om die ander dae tuis te voltooi. Dit is elke leerder se plig en verantwoordelikheid om hierdie werk getrou en volledig te voltooi en weer in te handig op die volgende skooldag. Jou bevordering na 'n volgende graad gaan hiervan afhang. Wees verantwoordelik.

11. Strategie van die skool met die uitbreek van COVID-19 in die skool:

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- Maak kontak met die bure of gemeenskap.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

12. Skool se ondersteuningsnetwerk:

- Beheerliggaam van Vereniging Gimnasium.
- Ons skool se ouergemeenskap.
- Gauteng Departement van Onderwys.
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000).
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029 999).
- MediClinic Vereniging (016 440 5000).
- Vereniging polisiestatie (016 450 2262/3).

13. Volg die nodige prosedure met 'n siek persoon in die huis:

- Help die siek persoon om die betrokke dokter se instruksies vir versorging en medisyne te volg.
- Hou die telefoonnommer van die dokter byderhand.
- Vir die meeste mense duur die simptome 'n paar dae en voel hulle na 'n week beter.
- Sorg dat die siek persoon baie vloeistowwe drink en rus.
- Oorweeg dit, indien moontlik, om die benodigde items/medikasie deur 'n afleweringdiens te laat aflewer.
- Sorg vir die persoon se troeteldier(e) en beperk die kontak tussen die siek persoon en sy of haar troeteldiere, indien moontlik.
- Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:
 - Skakel die dokter as die persoon steeds sieker word.
 - Vir mediese noodgevalle, skakel 911 en sê dat die siek persoon COVID-19 het of moontlik kan hê.
 - Mense wat noodwaarskuwingstekens vir COVID-19 ontwikkel, moet dadelik 911 skakel.
 - Noodwaarskuwingstekens sluit in:
 - Probleme met asemhaling: Kort van asem of asemnood.
 - Aanhoudende pyn of druk in die bors.
 - Verwarring of onvermoë om wakker te word.
 - Blouerige lippe of gesig.
 - Kouekoors.
 - Seer keel.
 - Verlies van smaak- en reukvermoë.
 - Hoofpyn en lyfseer.
 - LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.
- Beskerm jouself as jy iemand wat siek is, versorg:
 - COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer 2 meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoës of nies.
 - Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko is vir 'n ernstige siekte soos COVID-19 nie.
 - Gebruik 'n aparte slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy of haar eie "siekkamer" of omgewing weg van ander mense hê, indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n aparte badkamer gebruik.
 - Gedeelde ruimte:
As julle die ruimte moet deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalingsdruppels uit die lug te verwyder.
 - Vermyn besoekers:
Vermyn onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes is.
 - Eet in aparte kamers of areas:
Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy eie kamer eet (of gevoed word).
 - Was skottelgoed met handskoene en warm water:

Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.

- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het.
- **Moenie deel nie:**
Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektroniese toerusting met die siek persoon deel nie.

14. Volg die nodige prosedure wanneer 'n persoon wat siek was, gesond geword het:

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan leerders terugkom skool toe?

- Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die skool/graadhoofde skakel en die negatiewe uitslag aan hulle verskaf.
- Graadhoofde sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

15. Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):

Almal wat die terrein betree, moet aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm. Dus sal die volgende prosedure geld:

- Besoekers se temperatuur sal by die hek gemonitor word. Ons sekuriteitswagte sal opgelei wees om dit te hanteer.
- Daar sal van besoekers vereis word om 'n vraelys te voltooi.
- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel by die hek ontsmet word en moet ook deur 'n saniteringstonnel stap.
- Besoekers sal verplig word om maskers te dra.
- Geen besoekers mag met hul voertuig in die terrein inry nie. Stop buite en stap in.

16. SKOOLPRAKTYK EN COVID-19

16.1 Gesigmaskers:

Die skoolbestuur en Beheerliggaam het 'n statutêre verpligting om te verseker dat ons hele skool beveilig is en alle prosedures deurdag en verantwoordelik bestuur word. Die dra van maskers in die openbaar is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend. Die probleem bestaan dat elke Jan Rap en sy maat nou maskers verkoop. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het 'n sekere standaard gestel waaraan 'n masker moet voldoen om as veilig en effektief gekenmerk te word. Die skool sal ook moet kan bepaal dat maskers wat die leerders dra aan bogenoemde standarde voldoen.

Daar bestaan dus 'n behoefte aan 'n gestandaardiseerde masker wat die skool aan die skoolgemeenskap kan voorsien. Daar is besluit dat die skool 'n donkerblou masker sal ontwerp met die skool se wapen daarop. Dié masker sal deel van die skool se amptelike skooldrag word, aangesien medici nie noodwendig dié jaar 'n oplossing vir die virus sal kry nie. Die prys en besonderhede rondom bestellings sal later aan u gekommunikeer word.

Indien u nie die skool se masker wil koop nie, sal dit u verantwoordelikheid wees om 'n gesondheidsertifikaat te voorsien wat bevestig dat u kind se masker aan die

Wêreldgesondheidsorganisasie se standarde voldoen. Dan mag die masker slegs effekleurig wees met geen handelsmerk/afdruk/geskryf daarop nie.

Ons wil ons ouergemeenskap vriendelik versoek om die skool se masker te koop ter wille van deursigtigheid en standaardisering. Indien daar eenvormige maskers is, sal alle ouers moontlik gemakliker wees met die bestuur en beheer van ons leerders se veiligheid.

16.2 Persoonlike sanitasie/higiëne:

Daar sal van elke leerder verwag word om sy eie bottel handontsmettingsmiddel te hê vir eie gebruik aan die begin van elke nuwe periode.

16.3 Bestuur van pouses:

Spesifieke areas is reeds aan spesifieke graadgroepe geallokeer om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke graadgroep is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf. Omdat ons maksimum 2 graadgroepe per dag by die skool gaan hê, sal alle leerders op die terrein die area vanaf die kafeteria tot by die vierkant (en nie breër as die deurgang/stoep nie) gebruik tydens pouses. GEEN ander plek op die terrein is toelaatbaar nie.

16.4 Skoolsnoepie:

Die kafeteria sal pouses oop wees. In plaas van bondel op die stoep voor die kafeteria, sal leerders in 'n lang ry langs die gebou staan, minstens een meter van mekaar af, en wag vir 'n beurt om iets te koop. Wit merke sal op die grond gemaak word.

16.5 Busvervoer:

- Die skool sal seker maak dat busse voor die begin van die rit ontsmet word.
- Leerders sal hulle hande moet ontsmet voor hulle in die bus klim.
- Die bus sal nie met meer as 'n 70%-kapasiteit gevul word nie.
- Daar sal 'n aanpassing in die busroetes sowel as bustye gemaak word om te verseker dat die busse nie vol is nie. Kommunikasie in die verband sal later aan u deurgegee word.
- Die dra van maskers in die bus is verpligtend.

16.6 Hoërisikoleerders:

Hoërisikoleerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes.
- Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande.

Dit is belangrik dat sulke leerders nie in kontak kom met groepe ander leerders nie. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, kontak asseblief u kind se graadhoof, sodat ons alternatiewe reëlings kan tref om u kind steeds van kwaliteitonderrig te voorsien.

16.7 Daaglikse ontvangs by die skoolhek:

Die skoolhek kan in die oggend 'n plek wees waar leerders saamdrom om die skoolterrein te betree. Die skool tref die volgende reëlings om te verseker dat leerders nie saamdrom nie:

- Leerders moet 1.5 meter uitmekaar buite die skoolhek aantree in 'n ry op die sypaadjie. Merke sal op die grond angebring word.
- Slegs EEN toegangshek (hoofhek by swembad) sal om 7:30 oopgemaak word as toegang tot die skool.
- Leerders stap ordelik in en gaan deur die hek by kafeteria onder die afdakke voor die swembad deur 'n saniteringstonnel stap. Hier sal daar personeel wees wat die leerders ondervra en hulle temperatuur monitor, voor hulle die terrein met hul gestandaardiseerde maskers aan, mag betree.

- Temperatuur word op die register aangeteken en antwoorde op vrae sal op 'n strokie neergeskryf word. Hierdie strokie moet in 'n houer geplaas word, nadat personeel dit gemonitor het.
- Vra asseblief u kind om rustig en op 'n ordelike manier geduldig te wag om by die terrein in te kom.

16.8 Verloop van skooldag soos grade terugkeer skool toe:

- Slegs EEN toegangshek vir leerders, personeel en besoekers open om 07:30.
- Eerste periode begin om 08:00 stiptelik. Leerders gaan dus direk klas toe soos skoolrooster aandui. Skooldag sal eers ongeveer 16:00 eindig.
- Saterdag sal ook 'n skooldag wees vir grade 10-12 soos hieronder aangedui. Saterdag sal wel 'n korter skooldag wees.
- Dieselfde vakrooster sal elke skooldag vir elke graad geld.
- Geen laatkommers sal toegelaat word in die terrein nie.
- ONTHOU ASSEMBLIEF dat baie onderrigtyd verlore gegaan het. Werk moet ingehaal word, sodat genoegsame tyd bestaan vir hersiening en finale eksamen.
- OPOFFERINGS vir die bevordering van ons kinders is noodsaaklik.
- MOTIVEER asseblief u kind om verantwoordelik en getrou skoolwerk te doen by die huis en skooldae getrou by te woon.
- Hierdie is 'n opwindende verandering en ELKEEN se positiewe samewerking is nou nodig.
- Die daaglikse rooster vir grade se skooldae sal/kan verander word soos sillabusvoltooiing vereis.
- Elke graad soos ingefasseer, sal op die Maandag begin skoolgaan, sodat :
 - Oggendprosedures vasgelê kan word.
 - Roosters uitgedeel kan word.
 - COVID-19 opleiding kan plaasvind en prosedures verduidelik kan word.
- Infassering van grade en skooldae per graad soos deur die Departement van Onderwys goedgekeur, word hieronder aangedui :

	FASE 1 Slegs Gr.12 (1Junie2020)	FASE 2 Grade 11+12	FASE 3 Grade 10,11+12	FASE 4 Grade 9-12	FASE 5 Grade 8-12
MAANDAG	Graad 12	Graad 11	Graad 10	Graad 9 en 12	Graad 8 en 12
DINSDAG	Graad 12	Graad 11	Graad 10	Graad 9 en 12	Graad 8 en 12
WOENSDAG	Graad 12	Graad 11	Graad 12	Graad 9 en 10	Graad 8 en 11
DONDERDAG	Graad 12	Graad 12	Graad 12	Graad 9 en 10	Graad 9 en 11
VRYDAG	Graad 12	Graad 12	Graad 11	Graad 9 en 11	Graad 9 en 10
SATERDAG	Graad 12	Graad 12	Graad 11	Graad 11	Graad 10/11/12

16.9 COVID-19-kommunikasie by die skool:

Die belangrikste manier om ons gemeenskap teen die virus te beveilig, is om te verseker dat goeie higiëniese gewoontes gevestig word. Dit sal net gebeur as ons skoolgemeenskap permanent die goeie gewoontes sien. Plakkate sal in die klaskamers en in die gange van die skool aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:

- Was jou hande deeglik en gereeld.
- Oppervlakke wat vermy moet word.
- Fisiese kontak word belet.
- Handhaaf 'n veilige sosiale afstand.
- Goeie higiëniese praktyke.
- Hoes en nies in jou elmboog.

16.10 Reis:

Onthou om dit, sover moontlik, te vermy om te reis. Indien u nie 'n keuse het nie, tref asseblief al die nodige veiligheids- en voorsorgmaatreëls.

Elkeen van ons personeel, ouers en leerders het die verantwoordelikheid om ons gemeenskap te beskerm. U beskerm nie net u kind met u keuses nie, maar u beskerm ook elke ander persoon wat deel van die skoolgemeenskap is.

Baie dankie vir u sorgsame samewerking en lojaliteit aan die skoolgemeenskap.

Vereeniging Gimnasium se personeel en Beheerliggaam dra die belange van ons kinders, ouers en gemeenskap op die hart en kan u verseker dat alles binne ons vermoë gedoen word om die veiligheid van elkeen te verseker. Alles kos ongelukkig geld en die kostes eskaleer met elke maatreël wat in plek gestel word. Daarom versoek ons ook hiermee ons ouers om asseblief getrou u skoolgeld te betaal en op datum te hou.

Groot waardering vir elkeen se opoffering, bydrae en samewerking gedurende ons stryd teen COVID-19.

Vriendelike groete.

C. J. VAN DYK
HOOF

T. JOUBERT
BL VOORSITTER